NUUSBROKKIES

Sondag 26 Mei 2024

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardag

23 Mei	Mev E (Erna) Dreyer, eggenote van ds TF (Thomas) Dreyer – Cross Culture Church
24 Mei	Mev J (Janneke) Hattingh, eggenote van ds PJ (Peter) Hattingh – GK Vanderbijlpark Trinitas
25 Mei	Dr HPM (Malan) van Rhyn – GK Pretoria-Noord
	Ds TF (Thomas) Dreyer – Cross Culture Church
	Mev JMA (Magdel) van Wyk, eggenote van ds P (Piet) van Wyk – GK Bronkhorstspruit
	Mev L (Lucky) Dhlamini, eggenote van ds GJ (Jan) Dhlamini – GK Khunwana
	Mev C (Christa) van Rooy, eggenote van ds PC (Nelius) van Rooy – GK Elandskraal
26 Mei	Ds GP (Gerrie) van Rhyn – GK Komatipoort
	Mev S (Stephanie) de Kock, eggenote van ds HK (Kruger) de Kock – GK Randburg
28 Mei	Ds W (Wilhan) Jobse – GK Jeffreysbaai
	Mev C (Christeen) van Jaarsveld, eggenote van ds LP (Leon) van Jaarsveld – GK Brakpan
	Mev A (Ananda) van der Walt, eggenote van ds BA (Banie) van der Walt – GK Paarl
30 Mei	Mev E (Elaine) Oosthuizen, eggenote van ds GD (Orrie) Oosthuizen – GK Vaalharts

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

23 Mei	Ds PJ (Pieter) van der Walt – GK Bethlehem
	Dr IL (Izak) Bekker – GK Hartbeespoort

26 Mei	Mev H (Hettie) Erasmus, eggenote van ds DPJ (Danie) Erasmus – GK Jeffreysbaai
	Mev MS (Riana) Venter, eggenote van ds JJ (Koos) Venter – GK Rustenburg
27 Mei	Mev A (Alet) Vorster, eggenote van ds RL (Roelf) Vorster – GK Odendaalsrus
28 Mei	Mev EM (Bessie) du Plessis, weduwee van ds AJ (Alwyn) du Plessis – GK Stellenbosch
29 Mei	Dr FRP (Frans) de Bruyn – GK Klerksdorp
	Mev SA (Alice) Labuscagne, eggenote van dr GCP (Gerrie) Labuscagne – GK Vleuels
30 Mei	Mev AJHM (Annatjie) Myburg, weduwee van ds A (Andries) Myburg – GK Pretoria-Annlin

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Doodsberig



Prof A le R (Dries) du Plooy, emeritusprofessor van die TSP, is op 19 Mei 2024 oorlede.

Prof Du Plooy was die predikant van GK Durban 1970-1975, GK Pretoria-Alkantrant 1975-1986, professor Teologiese Skool Potchefstroom 1986-2009 waarna hy geëmeriteer het.

Ons innige meelewing met sy eggenote Heilna, kinders en kleinkinders; dr Danie en Venita de Kock (swaer en skoonsuster) en ds Koos en Lucia Cloete (neef).

As mens jou voorstel
dat met jou sterwe
jou enkele lewe
jou een liggaam, oplos
in die wemeling
van lig op water,
dan word die dood vir jou
'n sterbelaaide ver verskiet.
(Heilna du Plooy – Uit haar digbundel – Getye van Tyd)

EMERITERINGS

Ds LJ (Lou) Erasmus van GK Naboomspruit lewer sy afskeidspreek, DV op Sondag, 26 Mei 2024.

Ds Erasmus emeriteer einde Mei 2024.

Ds HJP (Hendrik) de Beer van GK Magol, emeriteer einde Mei 2024. Ds De Beer het reeds op Sondag, 18 Februarie 2024 sy afskeidspreek gelewer.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Hy het vir hulle gesê:
"Gaan uit, die hele wêreld in,
en verkondig die evangelie
aan die hele mensdom.
Wie tot geloof gekom
het en gedoop is, sal gered word;
wie nie glo nie, sal veroordeel word."

Markus 16:15-16

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Proponent BM (Marten) Boersema na GK Oos Londen
- Ds DH (Hendrik) Verryn van GK Potchefstroom-Suid na GK Pietermaritzburg

Proponente beroepbaar gestel

Proponent KN (Koketso) Lepodise Sel: 073 717 4394 E-pos: koketsolepodise@gmail.com	Proponent Thina Nthangeni Sel: 072 085 7146 E-pos: tcnthangeni@gmail.com of nthangenit@elections.org.za
Proponent X.O. (Xolisa) en Bontle Leah Matrose Sel: 063 211 9497 E-pos: pastormatroseinfo@gmail.com	Proponent B.M. (Marten) Boersema Sel: 066 224 0772 E-pos: mbboersema@gmail.com

Ds Karel Steyn – GK Port Elizabeth

Begrawe my daar in die bosveld
Waar Wildevy en Hardekool
Hul wortels deur rotse dring om lewenswater op te drink.
En getuig daarmee dat ook my wortels, hopelik, altyd dieper gedring het na die Rots om by Hom lewenswater te kry.
Begrawe my in die Tarka
Waar Noem-noem en Granaat
Hul geur die lug instoot om dit met soet note te vul.
En getuig daarmee dat ook ek, hopelik, 'n soet wierook-geur versprei het daar waar ek was.
Begrawe my aan die Weskus
Waar Vingerknol en Plakkie
Hul lewens uit wurg teen wind en droogte in.
En getuig daarmee dat ook ek, hopelik, 'n lewe in oorvloed geniet het waar ek geplant was.
Welwitcia
Koningskandelaar
Maartblom
Dorre land
Warm land
Wind wêreld
En tog teen alles in die pragtigste blomme.
Begrawe my in die Vrystaat
Waar wuifende grasvelde en blouberge jou begroet.
En getuig daarmee dat ook my hier-wees, hopelik, gereeld 'n vredesgroet gebring het.
Begrawe my in die Bankenveld
Waar Kiepersol en Karee gedwee hul krone boontoe buig.
En getuig daarmee dat ook my lewe, hopelik, 'n voortdurende kroon-knak voor die Koning was.
Begrawe my ... eintlik maak dit nie saak waar nie.
Maar begrawe my om so te getuig dat, sekerlik, ook hierdie liggaam eendag gaan opstaan
Om soos sonneblom en koring die aardkors te deurbreek in nuwe lewe.
Verseker.
Begrawe my.

UITNODIGING NA GK DASPOORT SE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE 2024

Tydens die Konferensie gaan die volgende onderwerpe behandel word:

- Die Bybel sê wie God is.
- Die Bybel sê wie ons is.
- Die Bybel leer God se wil vir my.
- Die verkondiging van die Bybel is noodsaaklik.
- Hoe lees ek die Bybel (praktiese wenke).
- Sondag preek ('n Lewe onderworpe aan die gesag van die Skrif).

CROSSROADS
PRISON MINISTRIES | SOUTH AFRICA |

Crossroads streef na die uitleef van Jesus Christus se Woord en liefde aan gevangenes wêreldwyd.

Hierdie geseënde bediening vind sy ontstaan in die VSA in 1984. Danksy die werking van die Gees is ons vanaf 2011 in Suid-Afrika bevoorreg om deel te mag wees hiervan: tans is meer as 960 gevangenes ingeskrewe studente by die vier kampusse in ons land (te wete: Pretoria, Kaapstad, Krugersdorp en Centurion).

Die Kurrikulum is saamgestel en gegrond op ons Gereformeerde Belydenis. 'n Wye verskeidenheid Bybelse onderwerpe word aangeraak en is die materiaal spesiaal uitgesoek om die geestelike behoefte van die sogenaamde *pas-bekeerde* aan te spreek, sowel as hulle wat Jesus reeds lank ken en liefhet.

Gemeentes word gemobiliseer en toegerus om die gevangenes met die Here se Woord en sy liefde te bedien, d.m.v. mentorskap. In die gerief van 'n eie huis kan elke mentor gemiddeld 30 keer per jaar *uitreik* na 'n gevangene, terwyl die persoonlike geestelike groei in dié proses kosbaar is. Voorts verseker finansiële bydraes voortgesette en blywende beweging.

Help ons asseblief om ons sendingroeping vanuit Mattheus 25 tot sy eer te kan uitleef.











Bereik gevangenes vanuit die gerief van u eie huis en word 'n mentor OF borg 'n student.

Kontakbesonderhede: 061 031 9498
| office@cpministries-sa.org.za /

www.cpministries-sa.org.za